

**MY Krag is gesny! MY Kinders kan
nie leer nie wat moet ek doen !!
Tref 'n reëling!!**

Die Kredietbeheerbeleid help almal!

**ONTHOU SLEGS EEN REËLING KAN
GETREF WORD. As u nie u afbetalings-
reëling nakom nie sal u dienste gestaak
word.**

Hoe affekteer die Kredietbeheerbeleid my!

Wanneer jy 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan om dienste aan jou te voorsien, onderneem jy om jou rekening elke maand stiptelik te vereffen. Indien jy nie jou rekening stiptelik vereffen nie kan daar soos volg teen jou opgetree word, en dit is die reëls wat in die kredietbeheerbeleid saamgevat is. Jou dienste kan gestaak word en regsaksie kan teen jou ingestel word,

**MAAR AS JY 'N REËLING TREF EN JOU
MAANDELIKSE REKENING STIPTELIK BE-
TAAL SAL JOU DIENSTE NIE GESTAAK
WORD NIE!**

Hoe tref ek 'n reëling?

Gaan na jou naaste munisipale kantoor. Neem bewys van jou inkomste en identiteitsdokument en bankstaat saam.

DEERNISHUISHOUDINGS:

AS DIE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING
GELYK AAN 'N STAATSPENSIOEN IS EN OF
MINDER AS TWEE STAATSPENSIOENE IS
KWALIFISEER JY VIR 'N DEERNISSUBSIDIE!

WAT IS 'N DEERNISSUBSIDIE?

Dit is 'n bedrag wat die Munisipaliteit bewillig om vir elke persoon wie se inkomste minder is as die staatspensioen te help om sy basiese rekening per maand te dek.

Hoe doen ek aansoek vir 'n Deernissubsidie?

Neem jou munisipale rekening, plus jou identiteitsdokument en bewys van inkomste na jou naaste munisipale kantoor en voltooi 'n aansoek om deernissubsidie. Die subsidie sal maandeliks teen jou rekening gekrediteer word. Alle verbruike bo die toegelate subsidie bedrag moet maandeliks vereffen word. Dienste kan gestaak word indien die bedrag nie vereffen word nie.

LAASTE BETAALDAG TOV REKENINGE:

15e van elke maand

Voorbeeld:-

U ontvang u salaris op 31 Januarie

U rekening is betaalbaar 15 Februarie, nie 28 Februarie nie. Almal wat hul rekening soos hierdie voorbeeld eers na die 15e betaal se rekening sal agterstallig toon waarop rente vir laat betaling gehef word.



**INFORMASIE WAT INWONERS TOV DIE
KREDIETBEHEERBELEID MOET WEET**

**DIENSTE KAN SONDER KENNISGEWING
NA DIE LAASTE BETAALDAG GESTAAK IN-
DIEN DIE MAANDELIKSE REKENING NIE
STIPTELIK VEREFFEN IS NIE!**

ONWETTIGE PEUTERING MET METER

Indien daar vasgestel word dat daar met 'n meter, water en of elektrisiteit (voorafbetaalde meter) ingesluit gepeuter word kan die volgende stappe geneem word.:

Dienste kan permanent opgeskort word, en 'n boete word gehef, plus die totale bedrag ten opsigte van die agterstallige rekening plus 'n gemiddelde verbruik is onmiddellik betaalbaar voordat dienste herstel word. Regsaksie sal ingestel word.

NUWE AANSLUITING VAN DIENSTE

Dit is onwettig om dienste te gebruik in 'n ander persoon se naam en daar is nie 'n getekende ooreenkoms tussen jou en die Munisipaliteit nie.

Om aansoek te doen vir dienste benodig jy 'n afskrif van jou Identiteitsdokument plus jou deposito en die goedkeuring van die eienaar indien jy 'n huurder is.

Dienste sal nie aangesluit word tensy die eienaar nie toestemming gegee het nie.

Eienaars bly verantwoordelik vir hul huurders se agterstallige rekening en kan daar dus teen eienaars opgetree word.

Die Kannaland Munisipaliteit het op 1 Februarie 2017 meganismes geïmplementeer om die agterstallige skuld te vorder. Dit behels dat debiteure voortaan kennisgewings / eposse en of sms'e sal ontvang om hul aan te maan om te betaal. Sou debiteure nie gehoor gee aan die versoeke om te betaal nie kan dit gebeur dat regsaksie om die skuld te vorder ingestel kan word en die dienste gestaak sal word sonder verdere kennisgewing.

Wat is 'n Kredietbeheerbeleid?

Dit is 'n dokument wat opgestel is deur die Munisipaliteit wat sekere reëls bepaal, hoe daar teen 'n verbruiker opgetree kan word, indien hy/sy nie sy munisipale rekening betaal nie. Die Stelselswet vereis dat elke Munisipaliteit so 'n dokument moet opstel. In terme van die Grondwet moet dit een van die doelwitte van Munisipaliteite wees om te verseker dat dienste op 'n volhoubare wyse aan gemeenskappe gelewer word!

Dienste kan slegs volhoubaar gelewer word indien elke persoon sy of haar munisipale rekening vereffen.

'n Afskrif van die beleid kan op ons webtuiste gevind word asook by die biblioteek en Munisipaliteit.

***KOM GESELS MET ONS
ONS KAN U HELP!***



***WEES TROTS OP U DORP HOU U
DORP SKOON***

**Navrae kan gerig word aan:
Die Munisipale Bestuurder
Kannaland Munisipaliteit**

**32 Kerkstraat
Ladismith
argiewe@kannaland.gov.za
028-5511023**